'n Roeping tot Skoonheid (Eksodus 31:1-11, 32:1-7)

Besaleël and Oholiab

Eksodus 31:1-11 is 'n gedeelte wat dikwels in die groter narratief van die Israeliete se woestyntydperk *misgekyk* word. In hierdie verhaal ontmoet ons twee manne met interessante name: Besaleël en Oholiab. Hulle word deur God uitgesonder vir 'n belangrike taak: om die Tabernakel (die plek van ontmoeting tussen die volk en God) en die Heilige Ark en sy deksel (die houer wat die twee tablette waarop Moses die Tien Gebooie ontvang het, sou bevat) te ontwerp, te bou en bowenal te versier; om dit met silwer, goud, brons en edelstene kunstig mooi te maak.

Dit is interessant dat wanneer God dit van hulle vra, ons vir die heel eerste keer in die Bybel lees van die Gees van God wat *oor iemand* kom. Die Gees kom oor Besaleël en rus vir hom en Oholiab toe om die spesifieke taak te verrig deur aan hulle insig, verstand, en kennis te gee met doel om dié dinge van ongeëwenaarde skoonheid en funksie te skep.

Skoonheid en Waarheid

Dit is opvallend dat ons nie noodwendig altyd die Tien Gebooie – God se Wet en riglyn vir die volk se lewe (dit wat God besig was om aan Moses op die berg Sinai oor te dra) – met skoonheid sal vereenselwig nie. Ons verbind nie altyd die etiese met die estetiese nie. Tog is dit juis wat hier gebeur: wanneer God die opdrag aan Besaleël en Oholiab gee om die Tabernakel en Ark (en alles wat daarmee saamgaan) kunstig in te rig, gee God nie net aan die volk 'n lewensriglyn nie, maar ook 'n lewensvisie – 'n roeping om die lewe nie net as die onderhouding van 'n stel reëls te sien nie, maar as een wat die verbeelding aangryp.

Besaleël en Oholiab, as kunstenaars en skeppers, se werk moes 'n weerspieëling wees van die goddelike waarheid wat die Tabernakel sou huisves – en dié waarheid is een wat deur die skoonheid wat hulle skep aan die volk (aan elkeen wat die tabernakel sou binnegaan), gekommunikeer word. Hulle handewerk was vir die volk 'n uitnodiging om dieper en verder te kyk na die waarheid van wie God is en die manier waarop 'n lewe volgens sy Woord ook deur kreatiwiteit en skoonheid in hulle lewens uitdrukking kry. Besaleël en Oholiab se kuns was dus baie meer as net aangenaam om na te kyk – dit was 'n getuienis van wie God is. Ons kan dit dus waag om sê dat ware skoonheid ons ook na die waarheid wys.

Die Goue Kalf

Aan die anderkant wys Eksodus 32 aan ons 'n verhaal wat in skrille kontras staan met die verhaal van Besaleël en Oholiab. Hier sien ons hoe die Israeliete goue oorringe verwerk en 'n beeld in die vorm van 'n bulkalf maak – iets wat hulle kon aanbid in Moses se afwesigheid. Dit was nie net afgodery en die oortreding van die eerste gebod nie, maar ons sou ook kon sê dit was iets wat ten diepste die verbintenis tussen skoonheid en waarheid verwring het.

Die goue kalf, alhoewel dit visueel aanloklik en sekerlik indrukwekkend was, was 'n valse skoonheid – 'n leë beeld wat mense nie na die Skepper, na God, gewys het nie, maar eerder van God af weggelei het na 'n skepsel. Dit was 'n beeld wat hulle 'n rat voor die oë gedraai het om nie God te aanbid nie, maar eintlik hulle eie begeertes en hulle eie self. Dit het nie hulle in hul volle menswees uitgenooi om te draai na 'n dieper, ryker lewe saam met God en daarvan in diens te staan nie, maar het hulle oë eerder weggedraai van die wêreld rondom hulle, weggedraai van hulle roeping, weggedraai van die waarheid van wie hulle is en bowenal wie s'n hulle is, na hulself toe. Die beeld van die kalf het hulle in hulself in laat keer.

'n Ikoon en 'n Afgod

Die verhaal van Besaleël en Oholiab en die verhaal van die goue kalf beklemtoon vir ons die verskil tussen 'n ikoon en 'n afgod (in Engels

– die verskil tussen ‘n “icon” en ‘n “idol”). ‘n Ikoon is ‘n simbool wat ons altyd na ‘n dieper waarheid, ‘n dieper skoonheid, ‘n dieper goedheid wys. Ikone, wanneer ons dit reg verstaan, dien as vensters na God. ‘n Afgod doen die teenoorgestelde: dit is ‘n simbool of beeld wat die waarheid vervorm, of verdraai; wat ons wegwys van God en weglei van dit wat goed en reg is na ‘n lewe van valsheid en leë beloftes. Dit is iets wat onsself laat inkeer; wat ons oë na onsself, na ons eie begeertes draai.

Die teoloog, Marthinus J. Havenga, skryf die volgende oor die spanning tussen ikone en afgode in die Ou Testament: “It can be said that at the heart of the aesthetics of the Hebrew scriptures lies a tension between images which distort, misrepresent, or impose the self on the transcendent other, and images which reveal and illuminate something of God’s glory and beauty in our midst, without domesticating the mystery of who God is and reveals Godself to be. This tension, which can be described as the tension between the idol and the icon, would become central in reflections on things such as art, creativity, the imagination, and beauty in Jewish and Christian theology throughout the ages...”

Jesus as Ikoon (1 Kor. 2:9)
In die lig van hierdie verstaan van ‘n ikoon, word Jesus dikwels beskryf as die werklike en ware ikoon – die Een wat ons nie net die waarheid en skoonheid van God wys nie, maar wat dit ook self geword het.

Die teoloog Hans Urs von Balthasar het die volgende daaroor geskryf: “In Jesus Christ we ultimately discern the form of God’s beauty; a form that expresses the nature of beauty itself; that beauty, which is the nature of God, we experience as [a] transforming power through the Spirit in the life of the church”.

Ons Roeping
Besaleël en Oholiab se kunstige werk wat deur skoonheid God se waarheid aan die Israeliete openbaar het, kan in baie opsigte beskryf word as ‘n vooruitskouing van Jesus se lewe en die manier waarop Hy as ikoon die skoonheid en waarheid van wie God is aan alle mense openbaar het.

Ek en jy word geroep om dieselfde te doen: om in die plekke waar ons onsself bevind ook skoonheid na te streef, te skep en uit te wys omdat dit ten diepste ook die waarheid van wie God is aan ander openbaar.

Ons kan dit prakties beoefen deur ‘n waardering vir die skoonheid van alle aspekte van die lewe te kweek (in bv. die natuur, kuns, verhoudings en ons spiritualiteit) en te erken dat dít wat waar is inderdaad ook skoonheid bevat. Ons kan waarheid in ons gedagtes, dade en verhoudings nastreef omdat ‘n lewe van integriteit en eerlikheid (selfs in moeilike en tragiese omstandighede) ook *mooi* kan wees. Laastens is dit ook die goedheid wat ons aan ander bewys, die maniere waarop ons ons naastes liefhet en ons nabootsing van die liefde en goedheid van Jesus wat waarheid en skoonheid aan ‘n wêreld wys wat dit so nodig het.

Dit is nie ‘n eenvoudige taak of ‘n eenvoudige verstaan van skoonheid nie, maar ‘n lewe van skoonheid en waarheid kan inderdaad groot veranderinge meebring. Soos die outeur Fyodor Dostoyevsky lank gelede geskryf het: “Beauty will save the world”.

Sarah Clarkson skryf die volgende oor hierdie roeping in haar boek getiteld: “This Beautiful Truth”: "To seek beauty then, in the midst of this broken world, is to have faith in a reality beyond what I can see. Despite the grief of life in the broken place, my heart still catches glimmers of what was meant to be, echoes from the shattered gladness of new creation. The remnants of Eden reach out to me in the very stuff of the every day, slivered shards of ideal beauty glittering in a story, through the sunlight slanted in on my table, the flight of song, a moment of utter quiet. In those moments, I am aware that beauty speaks. That loveliness tells me of something beyond the brokenness, that every experience of joy I find is the promise of a coming and complete redemption."